# SOMERSTRAND GEMEENTE
## Bybelstudie
# Paastyd 2025

**Jesus voor Kajafas & tweede verloëning van Petrus**
**Johannes 18:19-27 AFR20**

## Inleiding

In die voorafgaande verse lees ons dat Jesus gebring is na die huis van Annas, wat op daardie stadium die skoonpa van die hoëpriester, Kajafas, was. Jesus word eers hier ondervra voordat hy na Kajafas se huis gestuur word vir die amptelike verhoor deur die Joodse Raad. Waarskynlik word die geleentheid in Annas se huis gebruik as 'n toetslopie en manier om bewyse teen Jesus te kry sodat hulle hom volgens hulle wette kan veroordeel. Die feit dat hulle dit doen bewys dus reeds dat hulle nie werklik enige bewys daarvan het dat Hy die Joodse wet oortree het of iets gedoen of gesê het wat krimineel is, teen God se Woord ingaan of selfs getuig van opstand teen die Romeinse owerheid nie. Jesus word dus nie regverdig hanteer nie, en die verloop van die hele gesprek bewys dit.
Vers 19 sê dat hulle vir Jesus uitgevra het oor sy dissipels en sy lering. Hulle wou dus hierdie beweging wat Jesus begin het met die dissipels wat Hom volg koppel aan 'n opstandbeweging met geheime planne om die Romeinse en/of Joodse leierskap te ondermyn. Enige bewys daarvan sou vir hulle genoeg wees om Jesus aan die Romeine te oorhandig. Maar die gesprek loop nie soos wat hulle graag wou hê nie.

# Paastyd 2025

## Bespreking

In vers 20 sê Jesus Hy het openlik met die hele wêreld gepraat en niks in die geheim gesê nie. Wat sê dit van Jesus en die hele beweging van sy volgelinge dat Hy niks ooit in die geheim gesê en beplan het nie?

- Wanneer is dit nodig om in die geheim te praat en in uitgesoekte ore te fluister?
- Sal dit nie bevrydend wees om werklik elke woord wat jy te sê het in die publiek met 'n skoon gewete te kan uitspreek nie? Wat weerhou mense vandag om in die publiek hulle denke bekend te maak, selfs al is dit die waarheid?
- Wat sou Jesus kon doen en sê om op hierdie stadium sy kruispad vry te spring?
- Wat het die waarheid Jesus gekos?
- Bespreek die stelling: Die waarheid is 'n duur belegging, met 'n eindelose opbrengs. Die leuen is 'n goedkoop belegging wat altyd uiteindelik vou! Die waarheid is die realiteit en die leuen is net 'n tydelike poging om dit te bedek!

Jesus se antwoord sluit aan by die manier waarop God nog altyd met ons kommunikeer. Dit eggo ook die Wysheid van God self soos dit in Spreuke 1:20-23 beskryf word: *Wysheid roep opgewonde op straat, op die stadspleine laat sy haar stem hoor. Aan die bopunt van 'n rumoerige straat roep sy uit, by die ingange na die stadspoorte klink haar woorde op: "Hoe lank nog gaan julle, onkundiges, onkunde liefhê, gaan spotters 'n geklets waardevol ag, en gaan dwase kennis haat? Julle moet reageer op my teregwysing. Kyk, ek sal my gees vir julle laat uitstroom, ek sal my woorde aan julle bekend maak.*

# Paastyd 2025

Bespreek die stellings:

- Die Here praat nog altyd baie duidelik en reguit met ons, maar óns wil nie luister nie, en ons maak dit ingewikkeld.
- Nêrens praat God harder en duideliker met ons as deur Jesus nie, veral deur sy lyding, kruisiging en opstanding!

Jesus beroep Hom ook op goeie prosedure soos wat die Ou Testament voorgeskryf het; dat elke saak deur twee of meer getuies bewys moet word (Sien Deut. 19:15).
Twee van sy dissipels (Petrus en die 'ander dissipel') staan toevallig net buite die deur en kan getuig dat Jesus die waarheid praat. Hy het nie in die geheim vir hulle iets anders vertel as wat Hy voor die skare verkondig het nie. Hieroor word Jesus op die mond geslaan en beroep Hy hom weer op die goeie prosedure om getuies in te bring.

Dan skuif die toneel na waar Petrus in die binnehof hom by die vuur staan en warm maak. En hy kry die geleentheid om te getuig toe iemand vra of hy een van Jesus se dissipels is.
Hy ontken dit. Hy word gekonfronteer deur 'n familielid van die man wie se oor hy vroeër afgekap het. Dit plaas Petrus in 'n slegte posisie waar sy eie optrede as dissipel nou reeds teen Jesus tel … Alhoewel Jesus hom beveel het om die swaard te bêre!

Petrus het op daardie oomblik nie kans gesien om homself te ontbloot nie. Waar hy vroeër ywerig was om vir Jesus te veg, was hy nou verleë en en bang vir die waarheid.

# Paastyd 2025



Miskien uit vrees, maar ook uit skaamte!
Jesus verdien nie om gekruisig te word nie, maar Petrus wel! Petrus se sonde veroorsaak 'n totale onvermoë om vir Jesus as getuie op te tree in die situasie! As Jesus nie die man se oor genees het nie, sou dit vir Petrus 'n doodsvonnis wees. Nadat Petrus Jesus die derde keer verloën het, hoor hy die haan kraai. Dit sou hom herinner aan wat Jesus kort tevore vir hom gesê het:
Johannes 13:38 AFR20 *Toe antwoord Jesus: "Sal jy jou lewe vir My aflê? Amen, amen, Ek sê vir jou: Die haan sal beslis nie kraai voordat jy My drie keer verloën het nie."*

- Kan jy met Petrus identifiseer? Wat dink jy is die ooreenkomste?
- In Johannes 13 lees ons die volgende gesprek tussen Petrus en Jesus: Johannes 13:6-8 *Toe Hy by Simon Petrus kom, sê dié vir Hom: "Here, gaan U my voete was?" Jesus het hom geantwoord: "Wat Ek doen, verstaan jy nie nou nie, maar hierna sal jy verstaan. " Petrus sê toe vir Hom: "U sal beslis nie my voete was nie – tot in ewigheid nie!" Jesus het hom geantwoord: "As Ek jou nie was nie, het jy nie deel aan My nie."*
- Hoe help Petrus se verloëning van Jesus ons om hierdie woorde te verstaan? Wat moes Petrus hieruit leer oor homself en oor God?

Petrus kyk magteloos hoe Jesus die kruispad vir hom loop omdat sy eie sonde so groot is. Hy begin besef dat hy nie die held van die verhaal is nie. Hy is nie die voorbeeldige, brawe man aan die regterhand van Jesus nie. Jesus is ook sý persoonlike Verlosser. **Wie is jy, en wie is Jesus vir jou?**